

Skriflesing: 1 Joh 3:11-24

Tema: Ons liefde vir God word sigbaar in ons liefde vir mekaar.

Ons is God se fontein van liefde, of is ons?

Tydens lydenstyd die afgelope maand of twee het ons baie gefokus op God se liefde vir ons. Alle liefde begin by God. Hy is die bron van liefde. Hy het sy enigste Seun gestuur vir ons. Ons het gefokus op Jesus Christus se liefde vir ons. Hy het ons sonde en dood op Hom geneem en in ons plek gesterf en opgestaan. Ons is opgeroep om Hom lief te hê. Geesvervulde mense kan nie anders as om Hom uit dankbaarheid lief te hê nie.

Hoe lyk ons liefde vir God, die liefde wat ons bely en waarvan ons so baie praat en sing? Hoe lyk die liefde wat ons lees in 1 Kor 13, die grootste is?

As ons as kerk netnou hier uitstap huis en werk en skool en wêreld toe, hoe lyk ons liefde vir God prakties? Ons liefde vir God, word sigbaar in ons liefde vir mekaar.

Ons lees in 1 Joh 3:11: "Dit is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê."

Dit is nie 'n nuwe boodskap nie. Ons het van die begin af gehoor dat ons mekaar moet liefhê.

In 1 Joh 3:14 lees ons: "Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood."

Die Griekse woord vir oorgaan beteken hier heel waarskynlik verhuis soos om uit een huis na 'n ander te trek. Kinders van die Here het getrek uit 'n vuil stukke muurwêreld van sonde, dood en haat na 'n koninklike paleis gevul met liefde en lewe. Ons moet in in een van die twee bly.

Iemand wat van die dood na die lewe oorgegaan het, het sy broers en susters lief. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Iemand wat nie sy broers en susters liefhet nie, behoort nie aan God nie en bly nog in die krothuis. So persoon is nog dood in sonde, so persoon haat en is daarom 'n moordenaar wat nie die ewige lewe sal beërwe nie.

Maar hoe lyk hierdie liefde vir broers en susters? Ware liefde is nie 'n teorie of 'n gevoel nie. Dit is 'n daad. Ons lees in 1 Joh 3:16; "Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê."

Liefde is Jesus wat sy lewe vir ons afgelê het. As ek liefhet is ek bereid om, soos Jesus, my lewe vir jou te gee. Wat beteken dit? Presies wat daar staan – ek behoort my lewe vir my broer af te lê. Die meeste van ons sal waarskynlik nooit hoef te sterf in iemand anders se plek nie. Maar die "klein dingetjies" waarvan ons lees in 1 Joh 3:17-18 is die toets vir ons "groot liefde": "Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."

Die Grieke het aan hulle besittings gedink in terme van 'n sirkel. Alles binne die sirkel kan jy vir jouself gebruik, want dit is genoeg vir jou om van te lewe. Dit wat buite die sirkel is, is egter 'n teken van oorfloed. Jyself het dit nie nodig nie. Dit is bedoel vir ander mense. En dit is presies hier waar liefdeloosheid en gierigheid sy tande kan inslaan. Ek en jy kan die sirkel waaruit ons moet leef al hoe groter trek sodat daar al hoe minder vir ander oorbly. Hoe groot is jou sirkel?

Leef jy met 'n oop hart en oë en hande?

Ambrosius het gesê: "Jy het nie nodig om skure te bou nie, jy het skure: die harte van die behoeftiges, die huise van die weduwees en die monde van weeskinders en armes.

Ek baie verskonings om nie te gee nie. Ek kruip weg agter verskonings soos: ander is sleg en lui; dit is hulle eie skuld dat hulle in die ellendige posisie beland het, ek het nie soveel nie en wat kan ek tog doen, die probleem is so groot. God het nie verskonings gesoek nie. Hy het sy Seun vir ons gegee ten spyte van wie ons was. Jesus Christus het vir ons gesterf ten spyte van wie ons was. Om ons hart, oë en hande toe te sluit en nie ander te wil help as ons kan nie, is om te haat.

As die Here se liefde in my is, gee ek hulle wat honger is kos en gee ek vir hulle wat koud kry, 'n kombes. Dit laat my dink aan die volgende verhaal wat ek iewers gelees het:

Een koue wintersdag staan 'n arm dogtertjie op die straathoek en bedel vir kos of geld of wat sy ook al kan kry. Sy bibber van die koue. 'n Gegoede man wat daar verbyloop verroer nie 'n vinger om haar te help nie. Hy haas hom na sy warm, gemaklike huis. Toe hy egter saam met sy familie om die tafel sit en hulle heerlike ete geniet, onthou hy van die bibberende bedelaartjie op die straathoek. Dadelik word hy kwaad vir God. Hoe durf God sulke toestande op aarde toelaat waardeur kinders honger ly? Die aand bid die man: "Here, die gedagte aan daardie dogtertjie pla my so. As u 'n God van liefde is, waarom doen U nie iets om haar te help nie?"

Toe is dit asof hy God se stem duidelik hoor: "Maar Ek het! Ek het jou gemaak."

In ons land met die grootste kontraste tussen ryk en arm lees ek 2 Kor 8:13-15:

"Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorfloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorfloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig. Daar staan ook geskrywe: "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie."

Dit is maklik om te praat en te preek oor God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom en vir ander mense. Maar liefde is nie 'n saak van mooi praatjies, voornemens, beloftes en slagspreke nie. Dit is daade wat in opregtheid gedoen word. Wie sê hulle het vir God lief, se belydenis word sigbaar in liefde en omgee vir met ander mense.

Dit is asof Johannes dit weer wil bevestig as hy in 1 Joh 3:23 'n opsomming van die evangelie gee:

"En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het."

Wees lief vir God, glo in Jesus Christus en wees lief vir mekaar, dit is die evangelie.

Afsluiting

Die wêreld rondom ons smag na ware liefde. As hulle vir jou vra hoe God se liefde lyk, vertel hulle van die kruis en roep hulle op om sy liefde te sien in jou liefde vir my vrou of man, kinders, medegelowiges, vir die wêreld, vreemdelinge en selfs vir jou vyande.

Ons is God se fontein van liefde, of is ons?

Amen